

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Parashah 35: *Naso* (נשא) – Op te lig

YHVH het met Moshe gepraat en gesê: “Tel ook die koppe van die seuns van Gershon, volgens hulle vaders se huise, volgens hulle families, Num. 4:21 en 22 – PWL.¹

Torah: Num. 4:21 tot 7:89.

Haftorah: Rigters 13:2 tot 25.

Hernieuwe Verbond: Luk. 3:23; Matth. 8:1 tot 4; Mark. 1:40 tot 45; Matth. 5:27 tot 32; Hand. 21:17 tot 22:29; Rom. 13:9; 1 Kor. 6:9 tot 11; Gal. 5:19; Joh. 7:53 tot 8:11; Jak. 2:11.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 35 wat afgelaai kan word by: [Parashah35Notas14](#) of deur dit aan te vra by kontak@nuwelied.info.

Unless we take command over our personal battlefields we may end up captives to our own weaknesses – Anonymous.

Life is not the way it's supposed to be. It's the way it is. The way we cope with it is what makes the difference – Anonymous.

Experience is not what happens to a man; it is what a man does with what happens to him – Aldous Huxley.

To be "in the will of God" is not a matter of intellectual discernment, but a state of heart. Its motto is: My Father can do what he likes with me, He may bless me to death, or give me a bitter cup; I delight to do His will – Oswald Chambers.

Midrash (Torah Bespreking)

Num. 1:1 tot 10:10 is nog die laaste onderrig en instruksies voor Israel die tog na die Beloofde Land sal aanpak. Israel moet as 'n afgesonderde (geheiligde), rein en eensgesinde gemeenskap deur die wildernis na die Beloofde Land trek, anders sal YHVH nie hulle Beskermer en Voorsiener wees nie! Liefde vir YHVH en naasteliefde sal Israel se redding en behoud wees! Op ons tog deur die wildernis van hierdie lewe sal liefde vir YHVH en vir ons naaste ook ons redding, behoud en oorwinning wees!

YHVH het Sy liefde vir Israel onteenseglik bewys, asook Sy liefde aan ons wat deel van Israel deur vertrouwe in Yeshua as Messias is. So ook het YHVH bewys gelewer dat Hy 'n getroue Verbondsgod is. Al wat YHVH van Israel van ouds vereis het, en dit wat YHVH

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

vandag van ons vereis, is vertrouwe en gehoorsaamheid! Onthou: Elkeen wat YHVH se Woord (Torah) gehoorsaam, beantwoord YHVH se liefde. Die liefde van Vader-God word in ons volmaak wanneer ons begeer en leer om as volgelinge van Yeshua Messias volgens Torah te leef.

Hieraan weet ons dat ons Hom ken, as ons Sy opdragte uitvoer. Hy wat sê: 'Ek ken Hom' en Sy opdragte nie uitvoer nie, is 'n leuenaar en die waarheid is nie in hom nie, maar wie ook al Sy woorde voortdurend uitvoer, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword, want hieraan weet ons dat ons in Hom is: hy wat sê dat hy voortdurend in Hom bly, vir hom is dit nodig om so te leef soos wat Hy geleef het. 1 Joh. 2:3 tot 6 – PWL.

As julle My liefhet, voer voortdurend My opdragte uit. Joh. 14:15 – PWL.

Wie ook al My opdragte het en hulle uitvoer, dit is hy wat My liefhet en wie My liefhet, hóm sal My Vader liefhê en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar. Joh. 14:21 – PWL.

Maar ons moet altyd onthou dat liefde vir YHVH en liefde vir naaste direk verbind is en dus op gelyke voet is – die een kan nie bokant die ander gestel word nie. Die hele wet en die profete hang aan liefde vir YHVH en liefde vir naaste (Matt. 22:10). Paulus herinner ons dan ook daaraan dat liefde vir ons naaste die vervulling (vervolmaking) van Torah (die wet) is:

Moenie iemand enige iets skuld nie, behalwe om mekaar lief te hê, want hy wat 'n ander liefhet, het die wet volledig gemaak. Want dít: Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie en watter ander opdrag ook al, word in hierdie boodskap volledig gemaak: 'Jy moet jou medemens liefhê soos jouself.' Liefde doen nie kwaad aan sy medemens nie, want liefde is die vervolmaking van die geskrewe wet. Rom. 13:8 tot 10 – PWL.

Volgens bogenoemde teksverse is naasteliefde die vervulling (vervolmaking) van die wet, want hy wat sy naaste liefhet soos homself, sal nie aan sy naaste enige iets doen wat deur Torah (die wet) verbied word nie. Om jou naaste lief te hê met die liefde soos in Torah uiteengesit word, is die vervolmaking van YHVH se Torah (wet). Die tien pilare waarop liefde vir YHVH en naasteliefde staan, is dus die tien gebooie.

Ons weet dat om YHVH bo alles lief te hê en jou naaste soos jouself, is nie 'n nuwe gebod nie, want YHVH het reeds via Moses hierdie opdrag gegee. (Deut. 6:5; Lev. 19:18). Tog lees ons in Joh. 13:34 en 35 dat Yeshua gesê het dat Hy ons 'n nuwe gebod gee,

'n Nuwe opdrag gee Ek vir julle, dat julle mekaar moet liefhê; net soos Ek julle liefgehad het, so moet julle ook mekaar liefhê. Hieraan sal almal weet dat julle My studentevolgelinge is, as julle liefde vir mekaar het.' (PWL)

Soos reeds genoem weet ons dat volgens Deut. 6:5 en Lev. 19:18 is hierdie nie 'n "nuwe gebod" soos een wat nog nooit voorheen bestaan het nie. Nee, dit was van die begin af daar. Hierdie feit word in 1 Joh. 2:7 en 8 bevestig waar Johannes ook oor die liefde praat en skryf dat dit geen nuwe gebod is nie, maar voeg dan by dat dit wel tog ook nuut is.

Julle vir wie ons lief is, dit is geen nuwe opdrag wat ek aan julle skryf nie, maar 'n ou opdrag, wat julle van die begin af gehad het. Die ou opdrag is die boodskap wat julle gehoor het en tog skryf ek aan julle 'n nuwe opdrag, wat waar is in Hom en in julle, dat die duisternis verby is en die waaragtige Lig begin skyn. (PWL)

‘n Skynbare teenstrydigheid? Nee!! Naaste liefde is ‘n gebod wat van die begin af daar was (1 Joh. 3:11), maar dit het nou ‘n nuwe betekenis gekry – dit het nuut geword.

Liefde is so oud soos die skepping self, maar in Yeshua Messias het dit ‘n nuwe lewe en varsheid verkry – as te ware ‘n herskepping (‘n ‘wedergeboorte’) wat dit ondergaan het om ewig nuut (jonk) te wees. Hierdie is dan ook die betekenis van ‘n **nuwe** verbond (Heb. 8:8 en Jer. 31:31 en 32). Dit is die vernuwing (hernuwing) van dit wat reeds bestaan. In Yeshua word die verbond en die gebod van liefde weer nuut gemaak en kry dit nuwe betekenis en toepassing. Dit is in die lig van hierdie “nuutheid” wat die betekenis te vinde is van: *liefde is die vervulling van die wet*. [Die volledige artikel, *Liefde: Die Vervulling Van Die Wet*, kan afgelaai word by: [GB4.Apr13LiefdeWet](#)]

Bepins of Bespreek

1. Onderstaande is ‘n baie goeie opsomming van wat liefde is! Meet jouself hieraan wanneer jy sê dat jy YHVH en jou naaste liefhet. Indien jy nie bereid is om YHVH en jou naaste op hierdie wyse lief te hê nie, moet jy jouself ondersoek!

Liefde het niks te doen met wat jy verwag om terug te ontvang nie. Liefde het slegs te doen met wat jy bereid is om te gee en ware liefde is bereid om alles te gee. Wat jy terug ontvang sal wissel, maar dit het geen verbintenis met wat jy bereid is om te gee of hoeveel jy gee nie. Jy gee alles en verwag niks omrede jy waarlik liefhet!!

Num. 5:11 tot 31 – Die Onderrig Oor Jaloersheid (Die Sotah)

Die priester moet haar laat naderkom en haar voor die Teenwoordigheid van יהוה laat staan. Die priester moet afgesonderde water in ‘n erdepot vat en van die stof wat op die vloer van die tabernakel is, in die water gooi. Die priester moet die vrou voor die Teenwoordigheid van יהוה laat staan, die vrou se hare laat los hang en die herinneringsoffer op haar hande sit. Dit is ‘n graanoffer van jaloesie. In die hand van die priester sal dit bitter water wees, wat ‘n vloek bring. Num. 5:16 tot 18 – PWL.

Omrede owerspel gewoonlik in die geheim plaasvind, het YHVH aan Moses die onderrig en instruksies gegee hoe om die skuld of onskuld van ‘n getroude vrou te bewys. Die bewys van skuld of onskuld is nie aan ‘n mens(e) oorgelaat nie, maar YHVH self het op bonatuurlike wyse die skuldige uitgewys.

Seksuele sondes is van die mees algemene sondes en owerspel (egbreek) is die grootste oorsaak van mislukte huwelike. Die emosionele skade weens huweliksontrou is verwoestend en dikwels die oorsaak van ‘n wortel van bitterheid wat vinnig kan versprei. Dit is nie net die daad wat sonde is en onreinheid veroorsaak nie, maar selfs seksuele onrein gedagtes is sonde.

Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na ‘n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het. Matt. 5:28.

Satan is besig met ‘n totale aanslag teen die mensdom. Die verbrokkeling van huwelike, en die gepaardgaande traumatiese effek daarvan op die hele gesin, is een area waar Satan baie suksesvol is. Talle huwelike eindig nie in egskeiding nie, maar is ongelukkig en spanningsvol. Die resultaat van beide is ‘n samelewing van talle volwassenes en kinders wat ernstige emosionele skade het.

Waarom is die meerderheid huwelike gedoem tot mislukking? Waarom is sommige huwelike (die minderheid) wel suksesvol? Is dit toeval of is daar wel 'n geheimenis wat ontrafel moet word?

Daar is baie boeke, kursusse en beraders wat kan help om 'n huwelik 'n sukses te maak. Die antwoord vir 'n suksesvolle huwelik word egter in die Afgesonderde (Heilige) Skrifte gevind. Derhalwe is die enigste werklike waarborg vir 'n suksesvolle en gelukkige huwelik die insae in wat die woord van YHVH aangaande die huwelik sê en om dit nougeset toe te pas. Die huwelik moet te alle tye uit YHVH se oogpunt benader word!

Mans julle moet julle eie vroue liefhê, net soos Die Gesalfde Een ook die gemeente liefgehad en Homself om haar ontwil oorgegee het, om dit af te sonder en te reinig in die wassing met water (Mikveh) en in die Woord en Hy sal die gemeente vir Hom bevestig, wanneer dit vol lof en eer, sonder vlek of kreukel of enige iets soortgelyks is, maar dit moet afgesonderd en sonder fout wees. Op dié manier moet mans hulle eie vroue liefhê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief, want niemand het ooit sy eie liggaam gehaat nie, maar hy voed en sorg vir sy eie, net soos die Meester vir die gemeente, want ons is ledemate van Sy liggaam, van Sy vlees en van Sy bene. “Die man moet daarom sy vader en sy moeder verlaat en hom aan sy vrou verbind en hulle twee sal een liggaam wees. Hierdie geheim is groot, maar ek sê dit met die oog op Die Gesalfde Een en die gemeente, maar ook vir elkeen van julle, wat ook afsonderlik sy eie vrou moet liefhê, net soos homself en die vrou moet haar man respekteer. Efes. 5:25 tot 33 – PWL.

In Efes. 5:32 sê Paulus dat die huwelik 'n verborgenheid (geheimenis) is. In Grieks het hierdie woord 'n godsdienstige strekking en beteken dit:

- ❖ Insig en kennis wat groot voordeel inhou,
- ❖ Maar slegs bedoel is vir 'n uitgesoekte groepie wat ingelyf is om toegang tot hierdie kennis te verkry. Torah-gehoorsaamheid is die inlywing om toegang tot hierdie geheimenis te verkry!

Huweliksgeluk is dus 'n verborgenheid, maar toegang tot hierdie kennis, asook begrip en die toepassing daarvan, sal 'n gelukkige huwelik verseker. Die openbaring van hierdie verborgenheid is te vinde in die mens se verbondsverhouding met YHVH en deur Sy Woord (onderrig en instruksies), asook begrip van die betekenis om die bruid van Yeshua te wees.

In Deut. 11:18 tot 28 en Deut. 28:1 tot 14 belowe Vader-God om elkeen in elke area van sy of haar lewe te seën. Die voorwaarde is egter gehoorsaamheid aan alles wat YHVH ons beveel. Deel van hierdie seën is jou huis en die wat in jou huis is. 'n Geseënde huis beteken 'n geseënde huwelik.

Wanneer man en vrou in die huwelik tree, sluit hulle 'n verbond met mekaar. Geen ander ooreenkoms is meer geldig, bindend en heilig (afgesonder) as 'n verbond nie. Vader-God is 'n Verbondsgod (Deut. 7:9 en 12) wat getrouheid en eerbiediging van die verbond vereis.

Sowat 1200 jaar na die uittoeg uit Egipte het YHVH deur die profeet Maleagi die volk se geestelike welstand evalueer en ondermeer gesê dat hulle afgewyk het van YHVH se vereiste en bedoeling van die huwelik.

“Hierdie is nog iets wat julle doen; julle bedek die altaar van יהוה met trane, met gehuil en gekreun omdat Hy nie langer die offer ag nie en dit nie van julle hand aanvaar met guns nie. Tog vra julle: ‘Om watter rede?’ Omdat יהוה Getuie is tussen jou en die vrou van jou jeug

teenoor wie jy verraderlik opgetree het, alhoewel sy jou metgesel is en jou vrou deur die verbond. Nie een mens wat iets van die Gees oor het, maak so nie en wat het hy gedoen terwyl hy 'n Goddelike nageslag gesoek het? Neem julle gees in ag en laat nie een verraderlik optree teenoor die vrou van sy jeug nie, want Ek haat egskeiding,” sê יהוה, die God van Yisra'el “en hom wat dit wat verkeerd is met sy kleed bedek,” sê יהוה-Tzva'ot. “Neem julle dan jul gees in ag dat julle nie verraderlik optree nie.” Maleagi 2:13 tot 16 – PWL.

Daarom het YHVH sy seëninge van die volk weerhou omrede hulle nie die verbond met die liefde van hulle jeug eerbiedig (onderhou) het nie. Die volk het afgewyk van YHVH se standaard (vereiste) vir die huwelik en hulle eie standaard daar gestel. YHVH se standaard is dat hy die huwelik as 'n verbond tussen man en vrou beskou en daarom haat YHVH egskeiding, want dit is die verbreking van 'n verbond.

Daarom herinner die skrywer van die brief aan die Hebreërs ons aan die volgende:

Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees en die bed onbesmet; want God sal hoereerders en egbrekers oordeel. Heb. 13:4.

Ons moet vlug vir seksuele immoraliteit, want enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam, maar wie seksuele immoraliteit beoefen sondig teen sy eie liggaam (1 Kor. 6:18). Seksuele oortredinge moet nie eers onder ons, die afgesonderdes van YHVH, genoem word nie (Efes. 5:3).

Maak daarom die aardse dele van julle liggaam, naamlik seksuele oortredings, onreinheid, siektes, bose begeertes en gierigheid, wat afgodediens is, dood, want as gevolg van hierdie dinge kom die woede van God oor Sy ongehoorsame kinders, waarin julle ook vroeër geleef het toe julle vasgevang was daarin, maar nou moet julle al hierdie dinge afgooi: kwaadword, woede, boosheid, kwaadpraat en vuil taal. Moet ook nie vir mekaar lieg nie, gooi af die ou mens en sy dade. Kol. 3:5 tot 9 – PWL.

My broers, ons vra daarom van julle en bid ernstig vir julle in ons Meester, Yeshua, dat julle al hoe meer mag groei, soos julle van ons ontvang het hoe julle moet leef en God tevrede stel, want julle weet watter opdragte ons julle in ons Meester, Yeshua gegee het, want dít is die wil van God: julle afsondering, dat julle moet wegbly van alle seksuele oortredings en dat elkeen van julle sal weet hoe om sy liggaam te besit in afsondering en eer, nie in hartstogtelike begeertes soos die ander nasies wat God nie ken nie. 1 Thess. 4:1 tot 5 – PWL.

Ons het ook geleer dat die Verbond van die wet (Torah) wat YHVH by Sinai met Israel gesluit het die huwelikskontrak (*ketubah*) is. As bruid pleeg ons owerspel wanneer ons die huwelikskontrak (Torah) moedswillig oortree! Die Bruidegom Yeshua het Sy lewe vir Sy bruid afgelê sodat Hy Sy bruid *sonder vlek of kreukel* voor die Vader kan bring. Ons Bruidegom is die vleesgeworde Woord van YHVH! Gaan ons ons liefde vir die Bruidegom bewys deur gehoorsaamheid aan Torah?

Nota: 'n Studie (kursus) van die huweliksverbond kan afgelaai word deur op die volgende skakel te klik: [KursusHuwelikHersien](#) of 'n elektroniese kopie kan aangevra word deur ons te kontak by kontak@nuwelielied.info.

Hierdie studie is vir die wat getroud is, of beplan om te trou, of wonder hoekom hulle getroud is. “To change your marriage from bland to grand”.

Bepeins of Bespreek

1. Wat is die grootste oorsaak van `n ongelukkige huwelik? Antwoord: Selfsugtigheid wat eie voorspoed en geluk bokant die van huweliksmat en kinders stel.
2. Aan die folterpaal het Yeshua ook die water van bitter smart van die ontroue bruid namens ons gedrink. Is ons as bruid ook bereid om getoets te word deur die water van bitter smart wat die vloek bring te drink? Hoe seker is ons dat ons hierdie 'toets' sal slaag?
3. Die huwelik moet die uitdrukking en vertoonvenster van YHVH se onselfsugtige liefde wees. Deur die huwelik moet YHVH vereer word. Hierdie Skriftuurlike benadering tot die huwelik is verskillend van die hedendaagse siening wat hoofsaaklik gemik is op die voordeel wat dit vir die eie ek inhou. Dit is `n selfsugtige beskouing van die huwelik wat meer vra as wat dit bereid is om te gee, en is daarom `n resep vir mislukking. Indien die huwelik as `n verbond benader word, dan is die vraag nie **wat kan ek ontvang** nie, maar **wat kan ek gee**? Hoeveel is jy bereid om te gee sodat jou huwelik suksesvol en gelukkig kan wees?
4. Is seksuele intimiteit voor die huwelik sonde indien twee persone mekaar werklik liefhet, en veral as hulle gaan trou? Die antwoord is: Ja, dit is sonde! Liefde is nie goedkeuring om seks voor die huwelik te hê nie. Volgens die Woord van God word seks buite die huwelik hoerery en egbreek genoem en dié sulkes sal veroordeel word. Lees Heb. 13:4, asook Matt. 15:19 en 20, Hand. 15:29 en veral 1 Kor. 6:9 en 10 waar ons lees dat Paulus sê dat geen hoereerders of egbrekers die koninkryk van God sal beërwe nie! Hoerery is vrywillige seksuele omgang tussen 'n ongetroude man en 'n ongetroude vrou. Egbreek is seksuele omgang van 'n getroude persoon met iemand wat nie sy of haar wettige huweliksmat is nie!
5. Seks buite die huwelik is selfsugtig, want eie behoeftes is belangriker as die van die ander persoon!
6. Van al die wesens wat YHVH geskape het en wat Adam `n naam voor moes gee, was daar nie een wat by Adam gepas het nie (Gen. 2:20). YHVH het gesê dat dit nie goed is dat die mens (die man) alleen moet wees nie (Gen. 2:18), daarom het YHVH vir die man `n hulp gemaak wat by hom pas. Die vrou is die man se hulp wat hom in staat stel om te wees en te bereik dit wat YHVH hom voor bestem het. Maar wat is die werklike betekenis hiervan? In die boek van Skip Moen, *Guardian Angel*, gee hy 'n uiteensetting van die betekenis hiervan en 'n verduideliking van die rol van die vrou in die huwelik. Hierdie boek is 'n 'moet lees' vir elke man en vrou!

Die man moet sy vrou versorg en behandel as `n hulp wat vir hom noodsaaklik is en sonder wie hy nie kan klaar kom nie. Hy moet haar liefhê soos hy homself liefhet (Ef. 5:28). Dan alleenlik sal die man die werklike waarde van sy vrou beseef en YHVH se seën ontvang en om dit te kan wees wat YHVH wil hê hy moet wees.

Nota: 'n Elektroniese kopie van Skip Moen se boek, is beskikbaar op aanvraag by kontak@nuwelielied.info.

Num. 6:22 tot 27 – Die Priesterlike Seën

(Die *Birkat Kohanim*)

יהוה *het met Moshe gepraat en gesê: Praat met Aharon en sy seuns en sê: Op die manier moet julle die seuns van Yisra'el seën. Sê vir hulle: יהוה seën jou en onderhou jou; יהוה laat Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid oor jou skyn en gee vir jou onverdiende guns; יהוה lig Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid oor jou op en gee vir jou vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid. So sal hulle My Karakter en Outoriteit (Naam) op die seuns van Yisra'el lê en Ék sal hulle seën.* Num. 6:22 tot 27 PWL.

Om 'n seën (seënbede; saligspreking) uit te spreek is om YHVH se goedheid en guns oor iemand (of groep) te verklaar. Dit het die krag dat die seën wat uitgespreek word, vervul sal word (waar sal word). Maar dit is nie 'n 'towerformule' nie! Die wil van YHVH is in die verband steeds soewerein. YHVH het dit egter beveel en daarom kan ons die waarde en krag van seënbedes nie gering skat nie.

Die letter *shin* word met die hande gevorm terwyl die seën uitgespreek word.



From www.hebrew4christians.com

Shin is 'n sinnebeeld van *Shadda*, naamlik *El-Shaddai* en beteken: Die Magtige God is meer as genoeg (Eks 6:3) en beteken: 'Hy wat in Homself genoeg is, voldoende is en in staat is. Van die begin af het YHVH vir Sy volk van die Verbond gesê dat Hy meer as genoeg is in alle opsigte. Hy is 'Yireh' – wat voorsien, maar Hy is baie meer; Hy wat meer as genoeg is in alle opsigte. Vertrou Hom wat meer as genoeg is en maak staat op Sy Naam. Shaddai is ook 'n element in ou Yisra'el se name, soos `Ammishaddai ("Volk van Shaddai"; Num. 1:12) en Tzurishaddai ("My Rots is Shaddai"; Num. 1:6).

Ons kan die priesterlike seën ook soos volg verdeel:

- ❖ Eerste seën: Materiële voorspoed. Volgens jou behoeftes (dit wat jy benodig) en nie begeertes nie. Ons doelwit moet altyd volgens Matt. 6:19 tot 21 wees.
- ❖ Tweede seën: Geestelike kennis, insig en besieling. Mag YHVH Sy Lig op Hom as Wese laat skyn vir ons om te sien en te verstaan. Ps. 119:130 – *Die opening van u woorde gee lig; dit maak die eenvoudiges verstandig.* Rabbi Obadiah ben Jacob Sforno (1475 tot 1550) verduidelik dit soos volg: “May God enlighten you so that you will be capable of perceiving the wondrous wisdom of the *Torah* and of God’s intricate creation. Having received the blessings of prosperity, we have the peace of mind to go beyond the elementary requirements of survival.”
- ❖ Derde seën: Vader-God se ontferming (erbarming en deernis). Om vergewe te word op 'n wyse wat versoening insluit (geen verwydering nie).

Onthou: Yeshua is ons ewige Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek (Heb. 7:14 tot 17) en Hy seën ons ook met hierdie priesterlike seën.

Yevarech 'cha Yahuah v'yishmerecha
[Yahuah sal jou seën en jou bewaar].

Ya'er Yahuhah panav eleycha viyechuneka
[Yahuah sal Sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees].

Yissah Yahuah panav eleychha veyasem lecha shalom
[Yahuah sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee].

Yeshua is ons shalom – ons vrede wat alle verstand te bowe gaan (Fil. 4:7)!

Hy, die Meester van vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid gee altyd vir julle elkeen vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid! Ons Meester is in alles by julle almal! 2 Thess. 3:16 – PWL.

Wanneer Yeshua ons seën, plaas Hy ook die Naam van YHVH op ons elkeen (Num. 6:27). Die Naam is die Karakter en Outoriteit van YHVH. Wanneer YHVH Sy aangesig oor ons laat skyn, dan weerkaats ons Sy Karakter en Outoriteit en dan ontvang ons Vader-God se onverdiende guns!

Wanneer ons YHVH se Karakter en Outoriteit weerkaats dan kan dit vergelyk word met 'n Vader wat sy kind uit pure vreugde hoog bo hom optel!

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom en Shavua Tov!
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.